## <u>As God dan die Koning van die heelal is, waarom doen Hy dan nie iets aan die wreedheid in die wêreld nie?</u>

Deur sy Woord leer ons Hom ken vir wie Hy is en een van die eienskappe wat Hy aan Homself toeëien, is dat Hy 'n God van geregtigheid is.

Hy sê dan ook dat Hy 'n God is wat nie kan verander nie, dus kan Hy nie ophou om geregtigheid te wees nie. Dit beteken dat Hy sekere dinge nie sal doen nie, al kan Hy en al wil Hy, omdat sy geregtigheid dit nie toelaat nie.

'n Regter is iemand wat in geregtigheid behoort op te tree en daarom sal Hy nie sy eie seun vryspreek net omdat dit sy eie seun is nie, al wil hy en al kan hy, want dit sal nie geregtigheid wees nie en hierdie regter sal dan 'n onregverdige regter wees.

Geregtigheid is om op te tree volgens die reg, volgens dit wat reg is en in ons geval, wat God bepaal het wat reg is.

Baie van ons eie landswette se beginsels kom van God af. Waarom steel ons nie mekaar se goed nie? Want dit is nie reg nie. Maar volgens wie?

Wie het besluit wat reg en geregtigheid is?

In God se Koninkryk het Hy besluit en dit sal nooit verander nie. Al sy geregtigheid het Hy aan sy Naam gekoppel en daarom sê Hy dat Hy geregtigheid is. As hy net een keer nie geregtig is nie, sal sy naam nie meer EK IS GEREGTIGHEID wees nie, maar ongeregtigheid.

Wat het dit met die wreedheid in die wêreld te doen en hoekom keer Hy dit nie? Hy is tog 'n God van liefde ook?

In die begin toe God ons hemel en aarde geskape het, het Hy vir Adam ook geskape en hom aangestel om te heers oor die aarde.

Toe Vader vir Adam aangestel het, het hy vir Adam gesag gegee om te doen soos wat hy goeddink en nie vir Adam reggehelp met elke besluit wat hy geneem het nie. Dit is wat God se geregtigheid bepaal het.

Net soos wat die eienaar van 'n huis sy huis aan iemand anders verhuur en dan sekere regte daardeur verbeur, net so het God sekere regte aan Adam oorgelaat. Wanneer die eienaar van die huis ongelukkig is met sekere dinge wat met sy huis gebeur tydens die verhuring, kan hy niks daaraan doen nie, want hulle huurkontrak maak voorsiening daarvoor.

Indien hy met geweld of oneerlikhede die dade sou stop, sal dit ongeregtigheid wees. Dit sal buite die reg wees. Dit sal buite dit wees wat reg is, volgens die kontrak.

Die eienaar van 'n besigheid mag dalk baie besighede hê en dan stel hy 'n bestuurder aan wat namens hom die besigheid bedryf. Afhangende van die oorspronklike ooreenkoms kan die bestuurder dan doen soos hy goeddink. As die eienaar hom vrye teuels gegee het en hy doen radikale dinge, kan die eienaar nie ingryp nie, maar moet wag totdat iets gebeur waar die kontrak hom toelaat om op te tree. Dit is gewoonlik in 'n tydsfaktor.

As die eienaar onwettig ingryp in die bestuurder se besluite, is die eienaar skuldig aan wanpraktyke en dit is dan ongeregtig. Hy moet wag totdat die kontrak van die bestuurder verval het en dan weer sy besigheid herstel.

Adam was die aangestelde bestuurder met volle reg om te regeer soos ‘n koning onder die Koning van die heelal. Ongelukkig het Adam die heerskappy deur sy vingers laat glip en dit het in die hande van God se vyand, die Duiwel, beland.

Binne die reg van die kontrak moor en roof en steel hy en God mag nie ingryp nie, want dan is dit ongeregtigheid.

Niemand sal God kan keer as Hy dit sou doen nie, want Hy is almagtig en wie sal Hom kan keer, maar as Hy dit doen, sal sy vlekkelose reputasie in die heelal vernietig word. Hy sal as ‘n leuenaar beskou word met dubbele standaarde. Wanneer Hy in die toekoms dan weer iemand met volle reg sou aanstel oor ‘n deel van sy Koninkryk, sal daardie mens, of engel, of hemelwese, wonder vir hoe lank hy sal kan besluite neem, voordat die Almagtige weer ingryp. Hy sê Hy sal dit nie doen nie, maar op die aarde het Hy ingegryp toe Hy wreedheid en hartseer gesien het.

Dit is waarom Hy dit nie doen nie, want HY IS WAT HY IS en sal nooit verander nie, want dan sal niemand Hom ooit weer glo of vertrou nie.

Daar kom egter ‘n dag wat die kontrak van die eerste Adam verstryk en dan kom God self as die tweede Adam om al die ongeregtighede wat onder die heerskappy van die Satan plaasgevind het, te herstel en wraak te neem op hom en sy trawante wat nou soveel wreedheid veroorsaak.

Ons harte kry seer en ons roep na God vir verlossing, maar op die regte tyd, volgens die geregtigheid, sal Hy kom om sy skepping te verlos van sesduisend jaar se hartseer en wreedheid.